
Die KH aanvaar die US-bestuur se motivering dat die 2014-beleid, waar Afrikaans en Engels gelyke status geniet het, moes verander. Die redes was dat die swart studente van die US, wat oorwegend nie Afrikaans kan verstaan nie, deur daardie gelyke behandeling "gestigmatiseerd, gemarginaliseerd en uitgesluit" gevoel het.

Dit vloei uit afsonderlike lesings in dieselfde vak (sommige in Afrikaans, ander in Engels), en simultane tolking in lesings wat in Afrikaans aangebied is. Dit het ook gevloei uit die algemene gebruikstaal van Afrikaans op die kampus. Die US voer aan dat die gelyke behandeling van Afrikaans nie meer houdbaar is as dit studente só laat voel nie en dat dit daarom afgeskaal moet word.

Die KH aanvaar dit en gaan selfs verder deur te sê dat die US se mening dat die 2016-beleid nie Afrikaanse onderrig verminder nie, maar net herrangskik, nie waar is nie. Die 2016-beleid gee effektief voorrang aan Engels om die US se doelwitte van "gelyke toegang, veeltaligheid en integrasie" te bevorder. Terloops, hoe die voorkeur vir een taal veeltaligheid kan bevorder, weet net die geagte regters! Die gebruik van Afrikaans by die US is nou onderworpe aan beskikbare hulpbronne – en dit is te duur vir die US om dit redelikerwys doenlik reg te kry.

Daarmee, so verklaar die KH, het die US "toepaslike regverdiging" vir die afskaling van Afrikaans by die US gegee.

Hoe het dit gebeur dat die KH, wat nogal op eie koste die eedverklarings en ander verklarings in Afrikaans ook op eie koste laat verklaar het, tot hierdie gevolgtrekking gekom het?

Daar was hoofsaaklik drie probleme waarmee GK in die hofsaak en uitspraak te doen gekry het.

**Die toepassing van die beleid was buite perke**

(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2019/09/edwin_cameron_feature.jpg)

*Regter Edwin Cameron is as die nuwe kanselier van die Universiteit Stellenbosch aangewys. (Foto: US)*

Omdat GK die eerste aansoek in die Wes-Kaapse hooggeregshof gebring het vóór die begin van die implementering van die 2016-beleid, het die KH beslis dat hulle nie die toepassing van die beleid mag gebruik in die saak nie. Dit het tot gevolg gehad dat baie van GK se goeie getuienis van studente en personeel waaruit die negatiewe implikasies vir Afrikaans alreeds duidelik was, nie deur die KH in ag geneem is nie.




As regter Cameron in sy uitspraak (op grond van die US se versekering) stel dat alle eerstejaarsklasse steeds in Afrikaans aangebied sal word, kon GK se getuienis nie gebruik word om dit as vals te bewys nie – ten spyte daarvan dat talle van die eedverklarings deur studente bewys het dat dit nie waar is nie. Die ironie is dat GK hul saak dalk te vroeg gebring het, voordat die implikasies van die toepassing van die beleid duidelik(er) was en dat hulle waarskynlik nie maklik toegelaat sal word om later 'n "nuwe" saak te bring oor die negatiewe gevolge van die toepassing van die beleid nie.

En dit is die situasie ten spyte van die feit dat die KH self die negatiewe gevolge vir Afrikaans voorsien en selfs (in hoofregter Mogoeng en regter Froneman se bykomende uitsprake) simpatieke geluide daaroor gemaak het.

**Die interpretasie van "redelikerwys doenlik"**

Die tweede probleem was die KH se huiwerigheid en onwilligheid om die regsfoute van hul uitspraak in AfriForum se Kovsies-saak reg te stel. Selfs regter Froneman, wat in sy bykomende uitspraak baie positief oor Afrikaans as onderwystaal was, bevestig dat die KH gebonde is aan die Kovsie-uitspraak, al was die feite in die GK saak heel anders. Die grootste fout wat die KH in die Kovsie-saak gemaak het, was om die kwalifikasie vir die reg om in taal van keuse onderrig te word, naamlik "redelikerwys doenlik", normatief te interpreteer en aan gelykheid en regstelling in die volgende sin van art 29(2) te koppel.

Daar word gestel dat om die reg tot onderwystaal van keuse 'n werklikheid te maak, die staat alle redelike opvoedkundige alternatiewe (enkelmediuminstellings ingesluit) moet oorweeg, maar daarby ook gelykheid, doenlikheid en die noodsaaklikheid om die verlede se diskriminerende wette en praktyke reg te stel. Enige eerstejaartaalstudent sal weet dat "redelikerwys doenlik" (Engels "reasonably practicable") net daarop kan dui dat die kwalifikasie met die praktiese uitvoerbaarheid van 'n saak te doen kan hê, soos dat dit nie onbetaalbaar duur of onimplementeerbaar moet wees nie.



(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2018/07/Constitutional_Court_of_South_Africa.jpg)

*Die Konstitusionele hof van Suid-Afrika (Foto: Stefan Schäfer, Lich – eie werk, via Wikemedia Commons)*

Afgesien daarvan dat dit taalkundig onsin is om dit só te interpreteer, moet die bedoeling van die "wetgewer" (in hierdie verband Kodesa en later die Grondwetgewende Vergadering) ook in ag geneem word. Beide Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer sal kan getuig dat die bedoeling in die eerste sin van art 29(2) altyd was dat die reg tot taal van keuse die toets van praktiese uitvoerbaarheid moet slaag. Die tweede deel van die sin, waar die moontlikhede om die reg (verder) te realiseer, bring eers gelykheid, regstelling en (weer) doenlikheid na vore. In die gesaghebbende "Bill of Rights Handbook" (2013), verklaar Currie en De Waal dit ook presies as 'n saak van praktiese en redelike toepassing. En die KH se uitspraak haal hulle nogal hieroor aan.

Met respek, ons geagte howe het hier nie die taaltoets geslaag nie. En GK en Afrikaans is die slagoffer daarvan.

Die KH het wel die "redelikerwys doenlik" aan die koste-aspek getoets, en op grond van die US se (ongetoetste) finansiële berekenings, kom die KH tot die gevolgtrekking dat die gelyke behoud van Afrikaans naas Engels by die US te duur sal wees om "redelikerwys doenlik" te wees.

Maar die KH gaan verder en bring ook die feit dat so baie (swart) studente nie Afrikaans kan verstaan en/of praat nie, as 'n verdere element in om die "redelikerwys doenlik" onmoontlik te maak. En die feit dat hulle deur simultane tolking in klasse "gestigmatiseerd", gemarginaliseerd en uitgesluit voel, is volgens die KH verdere redes dat die behoud van Afrikaans nie redelikerwys doenlik is nie – ten spyte van die feit dat simultane tolking internasionaal beste praktyk by, onder meer, die VN en die EU is. Dit is duidelik dat hierdie redes wat die US bring en deur die KH aanvaar word, nie objektief is nie – en in die ideologie van #FeesMustFall in studente se "lived reality" berus.

**Die gebrek aan 'n sistemiese analise**

Die derde probleem waarmee GK gekonfronteer is, is dat die KH in 'n saak soos hierdie nie na die groter prentjie van Afrikaanse onderrig kyk nie. Die hof beoordeel die feitestel op die tafel en pas daarop die regsbeginsels toe. Want alhoewel al drie die regters wat die uitsprake geskryf het, erken het dat Afrikaans as onderrigtaal deur die 2016-taalbeleid onder druk geplaas word en selfs kan verdwyn, het hulle hierdie feit nie in hul uitspraak in ag geneem nie. En daarvoor kan hulle gekritiseer word. Regter Cameron gaan sover as om te stel dat die afskaling van Afrikaans ten gunste van Engels – ter wille van gelykheid, toegang en deelname – geweeg op 'n glyskaal van wat taalgewys verlore gaan, en wat verkry word ten opsigte van sosiale geregtigheid, grondwetlik regverdigbaar is. En hier is die kruks: as dit oor taal gaan, weeg die indiwidu se grondwetlike regte in die interpretasie van die KH nie so swaar soos sosiale geregtigheid nie. En Afrikaans en minderheidstaalregte is die slagoffer.

Teen die einde van sy uitspraak maak regter Cameron enkele sydelingse opmerkings. Hy erken dat die lot van inheemse tale (insluitend Afrikaans) ernstige nadenke vereis. Om die US se 2016-beleid as ooreenkomstig met art 29(2) te verklaar, kom met 'n koste wat "ons uitspraak moet erken".

Maar dan maak die regter 'n ommekeer: hierdie probleem is nie die KH s'n nie. Die hegemonie van Engels is deel van die "mars van die geskiedenis" en is vyandig teenoor alle minderheidstale wêreldwys, ook teenoor Afrikaans. Hierdie mars van die geskiedenis en die feit dat slegs een universiteit nog Afrikaans as onderrigtaal gebruik, is ook nie die US se probleem nie. En ewe vroom sluit hy af: "Yet we should not miss the cost that the diminution of Afrikaans at the University entails not only for Gelyke Kanse and its adherents, but for our world, and for ourselves".

Met verwysing na een van die argumente van GK, naamlik dat Afrikaans as 'n inheemse en amptelike taal ingevolge art 6(4) "gelykheid van aansien" moet geniet en "billik behandel" behoort te word (en dat dit nie by die US gebeur het nie), noem regter Cameron in die verbygaan dat die Wes-Kaapse hooggeregshof nie daarop ingegaan het nie. Maar daardie element, in samehang met art 6(2) oor die bevordering van inheemse tale "mag oorweging vereis".

Dit is die naaste wat die KH aan 'n sistemiese analise kom.



(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2017/03/mogoeng-mogoeng-hoofregter.jpg)

*Hoofregter Mogoeng Mogoeng. (Foto: Flickr/GovernmentZA)*

Hoofregter Mogoeng bevestig dat Afrikaans 'n Afrikataal is en dat die feit dat dit in die verlede misbruik is, nie die taal se "Afrika-DNS" beïnvloed nie. Dan maak hy die verstommende punt dat, omdat die staat nie nou die geld het om Afrikaans en ander inheemse tale ingevolge art 6 te help nie, die korporatiewe sektor dit tog asseblief moet doen!

Regter Froneman gaan verder en benader die saak wel sistemies. Hy begin met 'n sterk stelling oor die KH se aanvaarding dat die 2016-beleid in ooreenstemming met art 9(2) is.

*"Mens benodig nie internasionale studies nie (waarvan daar vele is) om te besef dat hierdie stand van sake Engels as dominante taal bevestig, nie net op tersiêre vlak nie, maar, soos ons sal sien, ook vanaf laerskool na hoërskool tot by universiteit. Menings mag wissel oor die wysheid hiervan, maar dit is seer eienaardig dat hierdie hof, die uiteindelike bewaker van minderheidstaalregte ingevolge die Grondwet, sy goedkeuring daaraan gee."*

Hy wys voorts hoedat die hegemonie van Engels uiters nadelige gevolge vir jong bruin en swart Suid-Afrikaners inhou, terwyl wit Engelssprekendes (met hul eie erflating van kolonialisme) skotvry daarvan afkom. Hy eindig met die oortuiging dat die grondwetlike bemagtiging vir elke Suid-Afrikaner om op sy/haar taal trots te wees, nie vra vir die vernietiging van ander tale nie. Om Suid-Afrika werklik veeltalig te maak, sal vereis dat almal sal saamwerk. Dit is nie "redelik onprakties" nie.

Regter Froneman se uitspraak erken ten minste die sistemiese krisis van Afrikaans en ander inheemse tale. Maar dit het nie die uitspraak verander nie.

**Moenie die boodskapper skiet nie…**

'n Mens kan nie anders as om te oordeel dat die KH se uitspraak nie regverdig is nie, veral omdat die hof nie die volle prentjie in ag geneem het nie. Maar dit is belangrik om te onthou dat die instansie wat die Afrikaanse taalgemeenskap by hierdie punt gebring het, nie die KH is nie, maar die US, en die Afrikaanse sakeleiers, ouers en studente wat Engels as onderrigtaal verkies. Hulle moet ten minste deel van die skuld dra.

Wat duidelik is (en verdere ontleding verdien), is dat Afrikaans by openbare instellings 'n gevoelige slag toegedien is, indien nie 'n nekslag nie. Ná die KH se uitspraak het art 29(2) geen waarde meer vir die Afrikaanse taalgemeenskap nie. Ons sal ons nou op art 29(3) moet beroep – en private Afrikaanse instellings bou. Dit is – ironies genoeg – goeie nuus vir Soltech, Akademia en Die MOS Inisiatief.

- *Theuns Eloff is voorsitter van die Adviesraad van die FW de Klerk Stigting en ook die Trust vir Afrikaanse Onderwys*

*Hierdie plasing is deur 'n onafhanklike persoon of onderneming saamgestel. Die menings en standpunte wat in hierdie skrywe uitgespreek word, is nie noodwendig die beleid of standpunt van Maroela Media se redakteurs, direksie of aandeelhouers nie. –Red*

Deel van: Meningsvormers (https://maroelamedia.co.za/kategorie/debat/meningsvormers/)

Konstitusionele hof (https://maroelamedia.co.za/tag/konstitusionele-hof/) Maties-taalbeleid (https://maroelamedia.co.za/tag/maties-taalbeleid/)

## ondersteun maroela media só

Sonder Maroela Media sou jy nie geweet het nie. Help om jou gebalanseerde en betroubare nuusbron se toekoms te verseker. Maak nou 'n vrywillige bydrae. Onthou – ons nuus bly gratis.

maak 'n bydrae (https://maroelamedia.co.za/donasies?utm_source=webwerf&utm_medium=enkelartikel&utm_campaign=ondersteun&utm_term=maak-bydrae&utm_content=onder-artikel)

## Het jy gehoor?

(https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stil-vereer-sy-stadsbouers/) Orania vereer sy stadsbouers (https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stil-vereer-sy-stadsbouers/)

(https://maroelamedia.co.za/sportnuus/vandag-se-sportnuus-618/) Vandag se sportnuus (https://maroelamedia.co.za/sportnuus/vandag-se-sportnuus-618/)

(https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedig-die-laaisel-van-die-sonbesie-2/) Gedig: Die laaisel van die sonbesie (https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedig-die-laaisel-van-die-sonbesie-2/)

(https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stil-daar-is-n-juweel-daarbinne/) Toegedigte Gedig: Daar is 'n juweel daarbinne (https://maroelamedia.daar-is-n-juweel-daarbinne/)

Publication: Beeld,Daily (Main)
Publication Date: 24 Oct 2019
Page: 9

AVE: 46314.49
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

168




Regter Edwin Cameron



Hoofregter Mogoeng Mogoeng

HY SKRYF UITSPRAAK OOR TAAL

# Herrie oor Cameron se pos by Maties

## Gelyke Kanse gooi nou wal

Barnard Beukman

'n Herrie het losgebars oor oud-regter Edwin Cameron se opgetree het om die Universiteit Stellenbosch (US) se kanselierskap te aanvaar, hoewel hy die konstitusionele hof se uitspraak geskryf het waarin Gelyke Kanse se saak teen die universiteit se taalbeleid verwerp is.

Die hof en die universiteit het egter gistermiddag Gelyke Kanse se besware verwerp nadat die organisasie se regsverteenwoordiger, Danie Rossouw, in 'n brief aan hoofregter Mogoeng Mogoeng geskryf het die uitspraak is "onherroeplik besmet" te midde van "onreëlmatige en onvanpaste optrede" deur Cameron.

Hy vra dat Mogoeng aandui wat hy van plan is om te doen.

By navraag oor die brief, waarvan 'n afskrif in Beeld se besit is, het Rossouw gesê Gelyke Kanse wag eers op Mogoeng se reaksie voor hulle verdere kommentaar lewer.

Gistermiddag het Nathi Mncube, mediahoof van die hof, egter gesê: "Ons reaksie is dat 'n volledige en gepaste verklaring van belange gedoen is en dat geen onbehoorlikheid plaasgevind het nie."

Uit verskeie dokumente en briewe blyk dit dat toe Cameron aanvanklik in Julie oor die kanselierskap genader is, hy dit van die hand gewys het. In 'n brief aan Wim de Villiers, rektor van die US, gedateer 2 Augustus, skryf hy onder meer: "Ek sal juis omring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die bereging daarvan hopeloos gekompromitteer word, sou ek die nominasie aanvaar.

"Eweneens sou my posisie as genomineerde waarskynlik onder billike bevraagtekening kom terwyl die saak nog hangende is."

Die persone, wat hom luidens die dokumente in Beeld se besit genader het, is De Villiers, prof. Marius de Waal, adv. Jean Meiring, Chris Otto, Michiel le Roux en Koos Bekker.

Te midde van klaarblyklike volgehoue versoeke aan Cameron om hom steeds beskikbaar te stel, wou hy weet of Gelyke Kanse enige beswaar teen sy kandidatuur sou hê. In 'n brief op 23 Augustus skryf adv. Jan Heunis namens die organisasie aan Cameron dat daar geen beswaar is nie. Hy meld wel dat hoewel lede van Gelyke Kanse ook oorweeg het om hom te benoem, hulle daarteen besluit het omdat hy 'n lid is van die hof wat oor die saak moet beslis.

Ná die brief en ander versoeke tot hom om wel beskikbaar te wees, het Cameron vir De Villiers op 30 Augustus skriftelik ingelig dat hy wel beskikbaar is.

Uit Rossouw se brief aan Mogoeng blyk dit dat die kwessie verander het omdat dit lyk asof Mogoeng nie van al die gebeure bewus was nie, dit eers agterna geblyk het Cameron het die uitspraak geskryf en dat hy onder andere deur respondente in die saak, wat De Villiers insluit, gevra is om hom beskikbaar te stel. Van Gelyke Kanse se lede het aan Beeld gesê dit kom neer op onbehoorlike inmenging in die regsproses.

> “Ons reaksie is dat 'n volledige en gepaste verklaring van belange gedoen is.
>
> — Nathi Mncube

### Wim de Villiers

De Villiers het gistermiddag as volg gereageer: "Ek het besin nie met die regsproses ingemeng nie. Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse. Dit blyk duidelik uit die korrespondensie: ek het sy aanvanklike antwoord, dat hy nie verkiesbaar is nie, as sulks aanvaar en daar was toe geen verdere kontak tussen ons oor die saak nie; eers nadat regter Cameron skriftelik in kennis gestel is dat sy nominasie vir kanselier vir Gelyke Kanse aanvaarbaar is, het hy my laat weet dat hy wel verkiesbaar is. Regter Cameron se integriteit is bo alle twyfel verhewe."

### Edwin Cameron

Op die vraag of Cameron sy posisie as kanselier as in gedrang beskou, het Susan van der Merwe, US-woordvoerder, gereageer: "Regter Edwin Cameron is deur verskeie alumni van die US genader om hom beskikbaar te stel vir die kanselierskap. Hy het uiteindelik aangedui dat hy hom slegs beskikbaar sou stel indien Gelyke Kanse gemaklik daarmee sou wees.

"Gelyke Kanse het skriftelik aangedui dat hulle geen beswaar sou hê as hy hom vir die rol verkiesbaar sou stel nie. Daarna het hy ingestem om vir die kanselierskap te staan. Regter Cameron is met 'n volstrekte meerderheid verkies nadat sy naam saam met vier ander kandidate met geldige nominasies aan die Kieskollege voorgelê is."


This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.



Publication: Beeld(Uitgawe2) (Main)
Publication Date: 24 Oct 2019
Page: 9

AVE: 46314.49
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

169




Regter Edwin Cameron



Hoofregter Mogoeng Mogoeng

HY SKRYF UITSPRAAK OOR TAAL

# Herrie oor Cameron se pos by Maties

## Gelyke Kanse gooi nou wal

Barnard Beukman

'n Herrie het losgebars oor oud-regter Edwin Cameron se opgetree het om die Universiteit Stellenbosch (US) se kanselierskap te aanvaar, hoewel hy die konstitusionele hof se uitspraak geskryf het waarin Gelyke Kanse se saak teen die universiteit se taalbeleid verwerp is.

Die hof en die universiteit het egter gistermiddag Gelyk Kanse se besware verwerp nadat die organisasie se regsverteenwoordiger, Danie Rossouw, in 'n brief aan hoofregter Mogoeng Mogoeng geskryf het die uitspraak is "onherroeplik besmet" te midde van "onreëlmatige en onvanpaste optrede" deur Cameron.

Hy vra dat Mogoeng aandui wat hy van plan is om te doen.

By navraag oor die brief, waarvan 'n afskrif in *Beeld* se besit is, het Rossouw gesê Gelyke Kanse wag eers op Mogoeng se reaksie voor hulle verdere kommentaar lewer.

Gistermiddag het Nathi Mncube, mediahoof van die hof, egter gesê: "Ons reaksie is dat 'n volledige en gepaste verklaring van belange gedoen is en dat geen onbehoorlikheid plaasgevind het nie."

Uit verskeie dokumente en briewe blyk dit dat toe Cameron aanvanklik in Julie om die kanselierskap genader is, hy dit van die hand gewys het. In 'n brief aan Wim de Villiers, rektor van die US, gedateer 2 Augustus, skryf hy onder meer: "Ek sit juis omring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant too ook, sal my posisie in die toregting daarvan hopeloos gekompromitteer word, sou ek die nominasie aanvaar.

"Eventueel sou my posisie as genomineerde waarskynlik onder billike bevraagtekening kom terwyl die saak nog hangende is."

Die persone, wat kom luidens die dokumente in *Beeld* se besit genader het, is De Villiers, prof. Marius de Waal, adv. Jean Meiring, Chris Otto, Michiel le Roux en Koos Bekker.

Te midde van klaarblyklike volgehoue versoeke aan Cameron om hom steeds beskikbaar te stel, wou hy weet of Gelyke Kanse enige beswaar teen sy kandidatuur sou hê. In 'n brief op 29 Augustus skryf adv. Jan Heunis namens die organisasie aan Cameron dat daar geen beswaar is nie. Hy meld wel dat hoewel lede van Gelyke Kanse ook oorweeg het om hom te benoem, hulle daarteen besluit het omdat hy 'n lid is van die hof wat oor die saak moet beslis.

Na die brief en ander versoeke tot hom om wel beskikbaar te wees, het Cameron vir De Villiers op 30 Augustus skriftelik ingelig dat hy wel beskikbaar is.

Uit Rossouw se brief aan Mogoeng blyk dit dat die kwessie verander het omdat dit lyk asof Mogoeng nie van al die gebeure bewus was nie, uit eers agterna geblyk het Cameron het die uitspraak geskryf en dat hy onder andere deur respondente in die saak, wat De Villiers insluit, gevra is om hom beskikbaar te stel. Van Gelyke Kanse se lede het aan *Beeld* gesê dit kom neer op onbehoorlike inmenging in die regsproses.

### Wim de Villiers

De Villiers het gistermiddag as volg gereageer: "Ek het beslis nie met die regsproses ingemeng nie. Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse. Dit blyk duidelik uit die korrespondensie: ek het sy aanvanklike antwoord, dat hy nie verkiesbaar is nie, as sulks aanvaar en daar was toe geen verdere kontak tussen ons oor die saak nie, eers nadat regter Cameron skriftelik in kennis gestel is dat sy nominasie vir kanselier vir Gelyke Kanse aanvaarbaar is, het hy my laat weet dat hy wel verkiesbaar is. Regter Cameron se integriteit is bo alle twyfel verhewe."

### Edwin Cameron

Op die vraag of Cameron sy posisie as kanselier as in gedrang beskou, het Susan van der Merwe, US-woordvoerder, gereageer: "Regter Edwin Cameron is deur verskeie alumni van die US genader om hom beskikbaar te stel vir die kanselierskap. Hy het uiteindelik aangedui dat hy hom slegs beskikbaar sou stel indien Gelyke Kanse gemaklik daarmee sou wees. "Gelyke Kanse het skriftelik aangedui dat hulle geen beswaar sou hê as hy hom vir die rol verkiesbaar sou stel nie. Daarna het hy ingestem om vir die kanselierskap te staan. Regter Cameron is met 'n volstrekte meerderheid verkies nadat sy naam saam met vier ander kandidate met geldige nominasies aan die Kieskollege voorgelê is."

> Ons reaksie is dat 'n volledige en gepaste verklaring van belange gedoen is.
>
> — Nathi Mncube

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: Burger, Die (Oos-Kaap) (Forum)
Publication Date: 24 Oct 2019
Page: 7

AVE: 3389.36
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

17C

# Vrae oor die US, Gelyke Kanse en die regter

**J.D. McLachlan, Onrusrivier**

In prof. Philip Spies van Gelyke Kanse se reaksie (17.10) op die konstitusionele hofuitspraak meld hy dat die rektor van die Universiteit Stellenbosch (US), terwyl die Gelyke Kanse-saak nog hangende was, regter Edwin Cameron genader het om hom as US-kanselier beskikbaar te stel. Ekskuus?

Ek is geen regsgeleerde nie, maar ek was nog altyd onder die indruk dat 'n regter of landdros wat op die een of ander manier 'n belang het by 'n aangeleentheid wat voor hom/haar dien, hom/haar aan die saak moet onttrek.

Ek wil geensins die integriteit van ons hoogste hof of enige van sy regters in twyfel trek nie. Ek weet ook nie hoe die hof te werk gaan om tot 'n eenstemmige uitspraak te geraak nie.

Maar as gewone landsburger wat darem nie stokonnosel of onredelik is nie, wonder ek net hoe dit dan moontlik is dat 'n regter wat vantevore deur die Universiteit Stellenbosch met 'n eredoktorsgraad vereer is (wat hom tog seker gunstig teenoor die universiteit sal instel), feitlik gelyktydig met sy verkiesing tot kanselier van een van die partye in die saak die uitspraak ten gunste van daardie party, die US, lewer. Maak 'n relatief onlangse eredoktorsgraad en 'n kanselierskap nie 'n belang uit nie?

Ek vra maar net. Dalk kan 'n regsgeleerde lig op die saak werp.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 24 Oct 2019
Page: 15

AVE: 7131.44
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

171

# Vrae oor die US, Gelyke Kanse en die regter

J.D. McLachlan, Onrusrivier

In prof. Philip Spies van Gelyke Kanse se reaksie (17.10) op die konstitusionele hofuitspraak meld hy dat die rektor van die Universiteit Stellenbosch (US), terwyl die Gelyke Kanse-saak nog hangende was, regter Edwin Cameron genader het om hom as US-kanselier beskikbaar te stel. Ekskuus?

Ek is geen regsgeleerde nie, maar ek was nog altyd onder die indruk dat 'n regter of landdros wat op die een of ander manier 'n belang het by 'n aangeleentheid wat voor hom/haar dien, hom/haar aan die saak moet onttrek.

Ek wil geensins die integriteit van ons hoogste hof of enige van sy regters in twyfel trek nie. Ek weet ook nie hoe die hof te werk gaan om tot 'n eenstemmige uitspraak te geraak nie.

Maar as gewone landsburger wat darem nie stokonnosel of onredelik is nie, wonder ek net hoe dit dan moontlik is dat 'n regter wat vantevore deur die Universiteit Stellenbosch met 'n eredoktorsgraad vereer is (wat hom tog seker gunstig teenoor die universiteit sal instel), feitlik gelyktydig met sy verkiesing tot kanselier van een van die partye in die saak die uitspraak ten gunste van daardie party, die US, lewer. Maak 'n relatief onlangse eredoktorsgraad en 'n kanselierskap nie 'n belang uit nie?

Ek vra maar net. Dalk kan 'n regsgeleerde lig op die saak werp.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: RapportWesternCape (Main)
Publication Date: 27 Oct 2019
Page: 7

AVE: 85642.32
Circulation: 36857
Part: 1 of 1

174

# DA: Het US-rektor oudregter 'verlei'?

Dawie Boonzaaier

Die proses wat gelei het tot die verkiesing van oudregter Edwin Cameron as kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) is verdag en verg verdere ondersoek, sê die DA-LP Leon Schreiber.

Schreiber se oproep volg nadat dit hierdie week aan die lig gekom het dat prof. Wim de Villiers, die Maties-rektor, vir Cameron gevra het om hom as kanselier verkiesbaar te stel op dieselfde tyd dat Cameron besig was om die konstitusionele hof se uitspraak oor die posisie van Afrikaans by die US te skryf.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Schreiber, die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch wat verlede week as lid van die US se institusionele forum bedank het, het onder meer die Regterlike Dienskommissie, die US en die US se ombudsman gevra om De Villiers en Cameron se optrede te ondersoek. "Dit is opsigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die konstitusionele hof was," sê Schreiber. "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het en voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het.

"De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat die rektor van die US gepoog het om sy mag om die kanselier aan te wys misbruik het, in 'n poging om 'n regter van die konstitusionele hof op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed."

"Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het."

In korrespondensie wat die afgelope week aan die lig gekom het, blyk dit dat Cameron, wat op 25 September as kanselier aangewys is, al op 2 Julie deur De Villiers gekontak is.

Op 2 Augustus skryf Cameron in 'n e-pos aan De Villiers dat dit vir hom "prakties nie denkbaar is" om die kanselierspos te oorweeg nie.

"Ek sit juis onrring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," skryf die oudregter.

Op 10 Augustus spreek De Villiers sy teleurstelling in 'n e-pos aan Cameron uit, maar voeg by dat hy Cameron se posisie verstaan.

Daarna het De Villiers ook Cameron se nominasie met adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie en die man wat vir Gelyke Kanse in die konstitusionele hof opgetree het, bespreek.

Op 29 Augustus skryf Heunis aan Cameron dat daar geen teenkanting sou wees as Cameron die nominasie as kanselier aanvaar nie (wat hy ook aan De Villiers kopieer).

Cameron skryf dan op 30 Augustus aan De Villiers dat, "in die lig van hierdie positiewe verwikkelinge", hy nou wel beskikbaar is vir die nominasie.

Hy is eindelik op 25 September as kanselier deur die kieskollege, waarvan De Villiers voorsitter is, tot kanselier verkies.

Die ander vier kandidate was die adjunkvoorsitter van Agri SA, Christo van der Rheede, die joernalis Ruda Landman, die voormalige Nasa-ingenieur Japie van Zyl en voormalige adjunkminister van tegnologie Theo Alant.

De Villiers het by navraag gesê hy het beslis nie met die regsproses ingemeng nie. "Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse."

Cameron het by navraag ook verwys na Heunis se brief van 29 Augustus waarin hy aangedui het daar geen beswaar teen Cameron se nominasie sou wees nie.



Oudregter Edwin Cameron, kanselier van die US. | FOTO: ELIZABETH SEJAKE

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO

Publication: RapportNorthernCape (Main)
Publication Date: 27 Oct 2019
Page: 7

AVE: 85642.32
Circulation: 5866
Part: 1 of 1

175

# DA: Het US-rektor oudregter 'verlei'?

Dawie Boonzaaier

Die proses wat gelei het tot die verkiesing van oudregter Edwin Cameron as kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) is verdag en verg verdere ondersoek, sê die DA-LP Leon Schreiber.

Schreiber se oproep volg nadat dit hierdie week aan die lig gekom het dat prof. Wim de Villiers, die Maties-rektor, vir Cameron gevra het om hom as kanselier verkiesbaar te stel op dieselfde tyd dat Cameron besig was om die konstitusionele hof se uitspraak oor die posisie van Afrikaans by die US te skryf.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Schreiber, die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch wat verlede week as lid van die US se institusionele forum bedank het, het onder meer die Regterlike Dienskommissie, die US en die US se ombudsman gevra om De Villiers en Cameron se optrede te ondersoek. "Dit is opsigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die konstitusionele hof was," sê Schreiber. "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het en voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het.

> "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het."

"De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat die rektor van die US gepoog het om sy mag om die kanselier aan te wys misbruik het. In 'n poging om 'n regter van die konstitusionele hof op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed."

In korrespondensie wat die afgelope week aan die lig gekom het, blyk dit dat Cameron, wat op 25 September as kanselier aangewys is, al op 2 Julie deur De Villiers gekontak is.

Op 2 Augustus skryf Cameron in 'n e-pos aan De Villiers dat dit vir hom "prakties nie denkbaar is" om die kanselierspos te oorweeg nie.

"Ek sit juis onder van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," skryf die oudregter.

Op 10 Augustus spreek De Villiers sy teleurstelling in 'n e-pos aan Cameron uit, maar voeg by dat hy Cameron se posisie verstaan.

Daarna het De Villiers ook Cameron se nominasie met adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie en die man wat vir Gelyke Kanse in die konstitusionele hof opgetree het, bespreek.

Op 29 Augustus skryf Heunis aan Cameron dat daar geen teenkanting sou wees as Cameron die nominasie as kanselier aanvaar nie (wat hy ook aan De Villiers lupleer).

Cameron skryf dan op 30 Augustus aan De Villiers dat, "in die lig van hierdie positiewe verwikkelinge", hy nou wel beskikbaar is vir die nominasie.

Hy is eindelik op 25 September as kanselier deur die kieskollege, waarvan De Villiers voorsitter is, tot kanselier verkies.

Die ander vier kandidate was die adjunkvoorsitter van Agri SA, Christo van der Rheede, die joernalis Ruda Landman, die voormalige Nasa-ingenieur Japie van Zyl en voormalige adjunkminister van tegnologie Theo Alant.

De Villiers het by navraag gesê hy het beslis nie met die regsproses ingemeng nie. "Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse."

Cameron het by navraag ook verwys na Heunis se brief van 29 Augustus waarin hy aangedui het daar geen beswaar teen Cameron se nominasie sou wees nie.



Oudregter Edwin Cameron, kanselier van die US. | FOTO: ELIZABETH SEJAKEE

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO

Publication: RapportGauteng (Main)
Publication Date: 27 Oct 2019
Page: 7

AVE: 85642.32
Circulation: 41034
Part: 1 of 1

# DA: Het US-rektor oudregter 'verlei'?

Dawie Boonzaaier

Die proses wat gelei het tot die verkiesing van oudregter Edwin Cameron as kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) is verdag en verg verdere ondersoek, sê die DA-LP Leon Schreiber.

Schreiber se oproep volg nadat dit hierdie week aan die lig gekom het dat prof. Wim de Villiers, die Maties-rektor, vir Cameron gevra het om hom as kanselier verkiesbaar te stel op dieselfde tyd dat Cameron besig was om die konstitusionele hof se uitspraak oor die posisie van Afrikaans by die US te skryf.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Schreiber, die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch wat verlede week as lid van die US se institusionele forum bedank het, het onder meer die Regterlike Dienskommissie, die US en die US se ombudsman gevra om De Villiers en Cameron se optrede te ondersoek. "Dit is opsigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die konstitusionele hof was," sê Schreiber. "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het en voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het.

> "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het."

"De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat die rektor van die US gepoog het om sy mag om die kanselier aan te wys misbruik het. In 'n poging om 'n regter van die konstitusionele hof op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed."

In korrespondensie wat die afgelope week aan die lig gekom het, blyk dit dat Cameron, wat op 25 September as kanselier aangewys is, al op 2 Julie deur De Villiers gekontak is.

Op 2 Augustus skryf Cameron in 'n e-pos aan De Villiers dat dit vir hom "prakties nie denkbaar is" om die kanselierspos te oorweeg nie.

"Ek sit juis oantmig van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," skryf die oudregter.

Op 10 Augustus spreek De Villiers sy teleurstelling in 'n e-pos aan Cameron uit, maar voeg by dat hy Cameron se posisie verstaan

Daarna het De Villiers ook Cameron se nominasie met adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie en die man wat vir Gelyke Kanse in die konstitusionele hof opgetree het, bespreek.

Op 20 Augustus skryf Heunis aan Cameron dat daar geen teenkanting sou wees as Cameron die nominasie as kanselier aanvaar nie (wat hy ook aan De Villiers toplever).

Cameron skryf dan op 30 Augustus aan De Villiers dat, "in die lig van hierdie positiewe verwikkelinge", hy nou wel beskikbaar is vir die nominasie.

Hy is eindelik op 25 September as kanselier deur die kieskollege, waarvan De Villiers voorsitter is, tot kanselier verkies.

Die ander vier kandidate was die adjunkvoorsitter van Agri SA, Christo van der Rheede, die joernalis Rudi Landman, die voormalige Nasa-ingenieur Japie van Zyl en voormalige adjunkminister van tegnologie Theo Mani.

De Villiers het by navraag gesê hy het beslis nie met die regsproses ingemeng nie. "Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse."

Cameron het by navraag ook verwys na Heunis se brief van 29 Augustus waarin hy aangedui het daar geen beswaar teen Cameron se nominasie sou wees nie.



Oudregter Edwin Cameron, kanselier van die US. | FOTO: ELIZABETH SEJAKE

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: RapportNorthWest (Main)
Publication Date: 27 Oct 2019
Page: 7

AVE: 85642.32
Circulation: 9295
Part: 1 of 1

# DA: Het US-rektor oudregter 'verlei'?

Dawie Boonzaaier

Die proses wat gelei het tot die verkiesing van oudregter Edwin Cameron as kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) is verdag en verg verdere ondersoek, sê die DA-LP Leon Schreiber.

Schreiber se oproep volg nadat dit hierdie week aan die lig gekom het dat prof. Wim de Villiers, die Matiesrektor, vir Cameron gevra het om hom as kanselier verkiesbaar te stel op dieselfde tyd dat Cameron besig was om die konstitusionele hof se uitspraak oor die posisie van Afrikaans by die US te skryf.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Schreiber, die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch wat verlede week as lid van die US se institusionele forum bedank het, het onder meer die Regterlike Dienskommissie, die US en die US se ombudsman gevra om De Villiers en Cameron se optrede te ondersoek. "Dit is opsigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die konstitusionele hof was," sê Schreiber. "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het en voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het.

> "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het."

"De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat die rektor van die US gepoog het om sy mag om die kanselier aan te wys misbruik het, in 'n poging om 'n regter van die konstitusionele hof op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed."

In korrespondensie wat die afgelope week aan die lig gekom het, blyk dit dat Cameron, wat op 25 September as kanselier aangewys is, al op 2 Julie deur De Villiers gekontak is.

Op 2 Augustus skryf Cameron in 'n e-pos aan De Villiers dat dit vir hom "prakties nie denkbaar is" om die kanselierspos te oorweeg nie.

"Ek sit juis onnering van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die beweging daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," skryf die oudregter.

Op 10 Augustus spreek De Villiers sy teleurstelling in 'n e-pos aan Cameron uit, maar voeg by dat hy Cameron se posisie verstaan.

Daarna het De Villiers ook Cameron se nominasie met adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie en die man wat vir Gelyke Kanse in die konstitusionele hof opgetree het, bespreek.

Op 29 Augustus skryf Heunis aan Cameron dat daar geen teenkanting sou wees as Cameron die nominasie as kanselier aanvaar nie (wat hy ook aan De Villiers lapleer).

Cameron skryf dan op 30 Augustus aan De Villiers dat, "in die lig van hierdie positiewe verwikkelinge", hy nou wel beskikbaar is vir die nominasie.

Hy is eindelik op 25 September as kanselier deur die kieskollege, waarvan De Villiers voorsitter is, tot kanselier verkies.

Die ander vier kandidate was die adjunkvoorsitter van Agri SA, Christo van der Rheede, die joernalis Ruda Landman, die voormalige Nasa-ingenieur Japie van Zyl en voormalige adjunkminister van tegnologie Theo Alant.

De Villiers het by navraag gesê hy het beslis nie met die regsproses ingemeng nie. "Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het, en dat die verkiesingsproses korrek verloop het. Trouens, regter Cameron se nominasie vir kanselier het voortgegaan met die instemming van Gelyke Kanse."

Cameron het by navraag ook verwys na Heunis se brief van 29 Augustus waarin hy aangedui het daar geen beswaar teen Cameron se nominasie sou wees nie.



Oudregter Edwin Cameron, kanselier van die US. | FOTO: ELIZABETH SEJAKEE

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: RapportFreeState (Main)
Publication Date: 27 Oct 2019
Page: 7

AVE: 85642.32
Circulation: 9941
Part: 1 of 1

1118

# DA: Het US-rektor oudregter 'verlei'?

Dawie Boonzaaier

Die proses wat gelei het tot die verkiesing van oudregter Edwin Cameron as kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) is verdag en verg verdere ondersoek, sê die DA-LP Leon Schreiber.

Schreiber se oproep volg nadat dit hierdie week aan die lig gekom het dat prof. Wim de Villiers, die Matieserektor, vir Cameron gevra het om hom as kanselier verkiesbaar te stel op dieselfde tyd dat Cameron besig was om die konstitusionele hof se uitspraak oor die posisie van Afrikaans by die US te skryf.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Schreiber, die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch wat verlede week as lid van die US se institusionele forum bedank het, het onder meer die Regterlike Dienskommissie, die US en die US se ombudsman gevra om De Villiers en Cameron se optrede te ondersoek. "Dit is opsigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die konstitusionele hof was," sê Schreiber. "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het en voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het.

> "Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het."

"De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat die rektor van die US gepoog het om sy mag om die kanselier aan te wys misbruik het, in 'n poging om 'n regter van die konstitusionele hof op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed."

In korrespondensie wat die afgelope week aan die lig gekom het, blyk dit dat Cameron, wat op 25 September as kanselier aangewys is, al op 2 Julie deur De Villiers gekontak is.

Op 2 Augustus skryf Cameron in 'n e-pos aan De Villiers dat dit vir hom "prakties nie denkbaar is" om die kanselierspos te oorweeg nie.

"Ek sit juis onrustig van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en, watter kant toe ook, sal my posisie in die beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," skryf die oudregter.

Op 10 Augustus spreek De Villiers sy teleurstelling in 'n e-pos aan Cameron uit, maar voeg by dat hy Cameron se posisie verstaan.

Daarna het De Villiers ook Cameron se nominasie met adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie en die man wat vir Gelyke Kanse in die konstitusionele hof opgetree het, bespreek.

Op 29 Augustus skryf Heunis aan Cameron dat daar geen teenkanting sou wees as Cameron die nominasie as kanselier aanvaar nie (wat hy ook aan De Villiers kopieer).

Cameron skryf dan op 30 Augustus aan De Villiers dat, "in die lig van hierdie positiewe verwikkelinge", hy nou wel beskikbaar is vir die nominasie.

Hy is eindelik op 25 September as kanselier deur die kieskollege, waarvan De Villiers voorsitter is, tot kanselier verkies.

Die ander vier kandidate was die adjunkvoorsitter van Agri SA, Christo van der Rheede, die joernalis Ruda Landman, die voormalige Nasa-ingenieur Japie van Zyl en voormalige adjunkminister van tegnologie Theo Alant.

Theuns Eloff writes on the court's judgment in the case of Stellenbosch University vs Gelyke Kanse

**THE CONSTITUTIONAL COURT AND GELYKE KANSE: WHAT HAPPENED?**

On October 10, 2019, the Constitutional Court ruled in the case in which Gelyke Kanse (GK) asked that the 2016 Language Policy of the University of Stellenbosch (SU) be set aside because it is unconstitutional. GK's application was essentially an appeal against the Western Cape High

Court's earlier ruling, and a request to bypass the Supreme Court of Appeal (SCA) and approach the Constitutional Court directly. This was allowed.

The overall verdict - with which all 10 judges agreed - was written by Judge Edwin Cameron (who was recently appointed new Chancellor of the SU). There are also two additional rulings, one by Chief Justice Mogoeng Mogoeng and the other by Judge Johan Froneman, which provide additional perspectives.




In our constitutional order, it is possible that one may differ from the decisions of the courts and also the Constitutional Court without being charged with contempt of court. The condition is that it is done in fairness and with respect. These are the starting points of this article.

**The principle of "appropriate justification"**

A key element of the Constitutional Court's judgment is that of "appropriate justification". This comes from the well-known Constitutional Court ruling on Ermelo High School's language policy in 2009. In it, Judge Albie Sachs said that where a learner already enjoys the benefit of education in the language of choice, the state has a negative duty not to take away this right or to reduce it without "appropriate justification".

The Constitutional Court accepted the SU management's motivation that the 2014 Policy, where Afrikaans and English enjoyed equal status, should change. The reasons were that the black

students of SU, who cannot understand Afrikaans at all, felt "stigmatised, marginalised and excluded" by that equal treatment. It results from separate lectures in the same subject (some in Afrikaans, others in English), and simultaneous interpretation in lectures presented in Afrikaans. It also flowed from the common language of Afrikaans on campus. Stellenbosch University argues that equal treatment of Afrikaans is no longer sustainable if it makes students feel that way and that it must therefore be scaled down.

The Constitutional Court accepted this and went even further by saying that SU's opinion that the 2016 Policy does not reduce Afrikaans education, but merely repositions it, is not true. The 2016 Policy effectively gives priority to English to promote SU's goals of "equal access, multilingualism and integration". That being said, how the preference for one language can promote multilingualism, only the respected judges will know!

The use of Afrikaans at SU is now subject to available resources - and it is too expensive for SU to do this in a reasonably practicable way. In doing so, the Constitutional Court explains, the SU provided "appropriate justification" for the scaling down of Afrikaans at SU.

How did it happen that the Constitutional Court - which had the oath declarations and other statements in Afrikaans translated at its own expense - came to this conclusion? There were mainly three issues that GK faced in the court case and judgment.

**The application of the policy was out of bounds**
Because GK brought the first application to the Western Cape High Court before the start of the implementation of the 2016 Policy, the Constitutional Court decided that they were not allowed to use the Policy in the case. As a result, much of GK's good testimony from students and staff from which the negative implications for Afrikaans were already evident was not taken into account by the Constitutional Court.

As Judge Cameron states in his ruling (based on SU's assurance) that all first-year classes will still be offered in Afrikaans, GK's evidence could not be used to prove it false - despite that many of the oaths declared by students have proven that this is not true. The irony is that GK may have brought their case too soon, before the implications of the Policy were clear and that they would probably not easily be allowed to bring a "new" case later on the negative consequences of applying the Policy. And this is the situation despite the fact that the Constitutional Court itself provided the negative consequences for Afrikaans and even (in Chief Justice Mogoeng and Judge Froneman's additional rulings) made sympathetic noises about it.

**The interpretation of "reasonably practicable"**

The second problem was the Constitutional Court's reluctance and unwillingness to correct the legal errors of their verdict in AfriForum's Kovsies case. Even Judge Froneman, who was very positive about Afrikaans as a teaching language in his minority judgment, affirms that the

Constitutional Court is bound by the Kovsie judgment, even though the facts in the GK case were quite different. The biggest mistake the Constitutional Court made in the Kovsie case was to interpret the qualification for the right to be taught in a language of choice, namely "reasonably practicable", normatively and to link it to the equality and redress in the second part of section 29 (2).

It is stated that in order to make the right to education in the language of one's choice a reality, the State must consider all reasonable educational alternatives (including single-medium institutions), but also equality, practicality and the need to correct past discriminatory laws and practices. Any first year language student will know that "reasonably practicable" can only indicate that the qualification has to do with the practical feasibility of a case, such as it should not be unaffordably expensive or unenforceable.

Apart from the fact that it is linguistically nonsensical to interpret it in this way, the intention of the "legislature" (in this regard CODESA and later the Constitutional Assembly) must also be taken into account. Both Cyril Ramaphosa and Roelf Meyer will testify that the intention in the first sentence of section 29(2) has always been that the right to a language of choice must pass the test of practical feasibility.

The second part of the sentence, where the possibilities of realising the law (further), first bring forth equality, restitution and (again) practicality. In the authoritative Bill of Rights Handbook (2013), Currie and De Waal also state this precisely as a matter of practical and reasonable application. And the Constitutional Court's ruling even quotes them. Respectfully, our esteemed courts have failed the language test here. And GK and Afrikaans are the victims of it.

The Constitutional Court did, however, reasonably test the cost aspect, and on the basis of SU's (untested) financial calculations, the Constitutional Court concluded that equal retention of Afrikaans in addition to English at SU would be too costly to do in a reasonably practicable way.

But the Constitutional Court goes further and also brings in the fact that so many (black) students cannot understand and/or speak Afrikaans, as a further element to make the "reasonably practicable" impossible.

And the fact that they feel "stigmatised", marginalised and excluded by simultaneous interpreting in classes are, according to the Constitutional Court, further reasons that retaining Afrikaans is not reasonably practicable - despite the fact that simultaneous interpreting is international practice at the UN and the EU.

Obviously, these reasons that the SU presents and that are accepted by the Constitutional Court are not objective - and are rooted in students' "lived reality" according to the ideology of #FeesMustFall.

**The lack of a systemic analysis**

The third problem faced by GK is that in a case like this, the Constitutional Court does not look at the "bigger picture" of Afrikaans teaching. The Court assesses the set of facts on the table and applies the legal principles. For although all three judges who wrote the verdicts acknowledged that Afrikaans as a language of instruction is under pressure and may even disappear through the 2016 Language Policy, they did not take this fact into account in their judgment. And for that they can be criticised. Judge Cameron goes so far as to say that the scaling down of Afrikaans in favour of English for equality, access and participation, weighed on a sliding scale of what is lost in terms of language and gained in terms of social justice, is constitutionally justifiable.

And here's the crux: when it comes to language, the individual's constitutional rights in the Constitutional Court's interpretation do not weigh as heavily as social justice. And Afrikaans and minority language rights are the victims.

Towards the end of his verdict, Judge Cameron makes some additional comments. He acknowledges that the fate of indigenous languages (including Afrikaans) requires serious consideration. To declare SU's 2016 policy as in line with section 29(2) comes at a cost, which "our judgement must acknowledge". But then the judge does an about turn: this problem is not the Constitutional Court's.

The hegemony of English is part of the "march of history" and is hostile to all minority languages worldwide, including Afrikaans. This march of history and the fact that only one university still

uses Afrikaans as a language of instruction is also not SU's problem. And equally, he concludes: "Yet we should not miss the cost that the diminution of Afrikaans at the University not only entails for Gelyke Kanse and its adherents, but for our world, and for ourselves."

With reference to one of GK's arguments, namely that Afrikaans as an indigenous and official language in terms of section 6(4) must enjoy "parity of esteem" and should be "treated fairly" (and that it does not happen at SU), Judge Cameron states in the brief that the Western Cape High Court did not go into it. But that element, in conjunction with section 6(2) on the promotion of indigenous languages "may require consideration". This is the closest that the Constitutional Court comes to a systemic analysis.

Chief Justice Mogoeng affirms that Afrikaans is an African language and that the fact that it was abused in the past does not affect the language's "African DNA". Then he makes the astonishing point that, because the State does not have the money now to help Afrikaans and other indigenous languages in terms of section 6, the corporate sector must please do so!

Judge Froneman goes further and approaches the case systemically. He starts with a strong statement about the Constitutional Court's acceptance that the 2016 Policy is in line with section 9 (2).

*One does not need international studies, of which there are many, to realise that this state of affairs entrenches English as the dominant language not only in tertiary education, but also, as we will see, from primary through secondary school to university. Opinions may differ on whether this is a good or bad thing, but it seems strange for this Court, the ultimate protector of minority language rights under the Constitution, to give its blessing to this result.*

He further shows how the hegemony of English has extremely detrimental consequences for young coloured and black South Africans, while white English speakers (with their own inheritance of colonialism) come off scot-free. He concludes with the belief that the constitutional empowerment for every South African to be proud of his/her language does not call for the destruction of other languages. Making South Africa truly multilingual will require everyone to work together. It is not "reasonably impractical".

At least Judge Froneman's ruling acknowledges the systemic crisis of Afrikaans and other indigenous languages. But that did not change the verdict.

**Don't shoot the messenger ...**

One cannot help but judge that the Constitutional Court's ruling is not fair, especially since it did not take the full picture into consideration. But it is important to keep in mind that the institution that brought the Afrikaans language community to this point is not the Constitutional Court, but SU, and the Afrikaans business leaders, parents and students who prefer English as their language of instruction. They must bear at least part of the blame.

What is clear (and deserves further analysis) is that Afrikaans in public institutions has been dealt a serious blow, if not a death blow. After the Constitutional Court's ruling, section 29(2) no longer has any value for the Afrikaans language community. They will now have to call on section 29(3) and build private Afrikaans institutions. This is - ironically - good news for Soltech (Solidarity's technical college), Akademia (Solidarity's university) and the MOS Initiative (a private company recently established to build and manage Afrikaans inclusive schools).

*By Theuns Eloff: Chair, FW de Klerk Foundation Board of Advisers*
28 October 2019

maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek

# Maties begin ondersoek na rektor ná bewerings

*1 November 2019*
*(https://maroelamedia.co.za/2019/11/01/)*

*Nico Strydom*
*(https://maroelamedia.co.za/author/nico/)*



(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2019/10/wim-de-villiers.jpg?x54301)

*Prof. Wim de Villiers. Foto: US*

Die Universiteit Stellenbosch het bevestig dat hy 'n ondersoek na prof. Wim de Villiers, rektor en visekanselier, begin het nadat 'n klag ontvang is.

George Steyn, voorsitter van die universiteitsraad, het aangekondig dat die uitvoerende komitee van die raad 'n resolusie aanvaar het om 'n onafhanklike ondersoek te gelas.

Volgens Steyn volg die ondersoek nadat dr. Leon Schreiber, 'n US-alumnus, LP en die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch, 'n versoek in dié verband aan die raad via die registrateur gerig het.

Die bewerings wat gemaak word, is dat De Villiers op 'n onvanpaste wyse probeer het om vir regter Edwin Cameron van die Konstitusionele Hof te oortuig om die universiteit se nuwe kanselier te word terwyl Cameron die hofsaak teen die US se taalbeleid om Afrikaans prakties af te skaf, aangehoor het.

Dit volg nadat die Konstitusionele Hof op 10 Oktober 2019 eenparig in die guns van die universiteit beslis het in die saak waarin die US die aansoek van Gelyke Kanse, om die instelling te dwing om na die 2014-taalbeleid terug te keer, teengestaan het.

"Ooreenkomstig goeie beheer en bestuur en deursigtigheid, het die uitvoerende komitee se raad besluit om 'n ondersoek te begin en om die afgetrede regter Burton Fourie aan te stel om die ondersoek te onderneem," het die US in 'n verklaring gesê.

Fourie was voor sy aftrede in 2017, 'n jarelange en gerespekteerde lid van die Wes-Kaapse hooggeregshof en waarnemende lid van die appèlhof. Daar word voorsien dat 'n geskrewe verslag met die bevindings van die ondersoek by die volgende geskeduleerde vergadering van die raad op 2 Desember 2019 ter tafel gelê en oorweeg sal word.

De Villiers het die ondersoek verwelkom. "Ek herbevestig wat ek verlede week vir die media gesê het. Ek het beslis nie by die regsproses ingemeng nie. Ek is tevrede dat ek in absolute goeie trou opgetree het en dat die verkiesingsproses korrek verloop het."

Die universiteit het gesê hy sal verder oor die saak kommunikeer sodra die universiteitsraad die aanbevelings ná afloop van die ondersoek oorweeg het.



(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2019/09/edwin_cameron_feature.jpg?x54301)

*Regter Edwin Cameron is as die nuwe kanselier van die Universiteit Stellenbosch aangewys. (Foto: US)*

Schreiber het aangevoer dat Cameron reeds by die aanvanklike aanbod van die kanseliersamp sy kommer daaroor uitgespreek het.

"Ek sit juis omring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en watter kant toe ook, sal my posisie in die beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die nominasie aanvaar," het Cameron glo geskryf. "Eweneens sou my posisie as genomineerde waarskynlik onder billike bevraagtekening kom terwyl die saak nog hangende is."

Volgens Schreiber is dit op sigself verregaande dat De Villiers vir Cameron in die eerste plek genader het om kanselier te word terwyl die US die respondent in 'n saak voor die Konstitusionele Hof was.

"Wat egter nog meer skokkend is, is dat De Villiers skynbaar aangehou het om Cameron te probeer verlei met die kanseliersamp selfs nadat die regter aanvanklik die aanbod van die hand gewys het, voordat hy dit later op De Villiers se aandrang aanvaar het."

Deel van: SA-nuus (https://maroelamedia.co.za/kategorie/nuus/sa-nuus/)

DA (https://maroelamedia.co.za/tag/da/)

Maties-taalbeleid (https://maroelamedia.co.za/tag/maties-taalbeleid/)

Universiteit Stellenbosch (https://maroelamedia.co.za/tag/universiteit-stellenbosch/)

209

Die Kwêvoël

Become a patron





Editorial Featured

# DA verwelkom ondersoek na die rektor van die Universiteit Stellenbosch

November 1, 2019 kwevoel

Die Demokratiese Alliansie (DA) se Kiesafdelinghoof Stellenbosch, dr Leon Schreiber MP, sê in 'n mediaverklaring dat die DA verwelkom die aankondiging van die uitvoerende

Tabs

Latest Popular
Comments Tags


DA verwelkom ondersoek na die rektor van die Universiteit Stellenbosch
November 1, 2019


Wildtelers aanvaar volle verantwoordelikheid van wildbedryf
October 31, 2019


Pakistan: 64 Dood toe trein brand
October 31, 2019



komitee van die Universiteit Stellenbosch (US) dat 'n ondersoek gelas is na die aantygings teen die US rektor, professor Wim de Villiers.

Die ondersoek word gelei deur die afgetrede regter Burton Fourie, en hy sal na verwagting op 2 Desember 2019 sy bevindings lewer.

Die ondersoek kom nadat die DA se kiesafdelingshoof vir Stellenbosch en 'n oudstudent van die US, dr Leon Schreiber LP, 'n klag by die universiteit ingedien het oor die bewerings in die media dat De Villiers 'n persepsie van inmenging in die hofsaak geskep het om Afrikaanse onderrig prakties uit die US te verwyder .

De Villiers het na bewering voortgesette onvanpaste kontak met regter Edwin Cameron gehad terwyl die saak voor die hof was, om Cameron te oortuig om die nominasie te aanvaar om die volgende kanselier van die US te word.

Kort nadat Cameron die herhaalde aanbiedinge van De Villiers aanvaar het om kanselier te word, het hy die uitspraak geskryf wat prakties Afrikaanse onderrig aan die US uitgeskakel het.

De Villiers se optrede skep die uiters kommerwekkende indruk dat Afrikaans en substantiewe meertaligheid aan die US die slagoffers was van 'n poging deur die rektor om 'n uitspraak van die konstitusionele hof te beïnvloed.

Die DA sal die ondersoek noukeurig monitor en ons sien uit na die bevindinge. Ons is diep besorg oor die persepsie van 'n botsing van belange in hierdie geval, maar ook oor die disrespek wat teenoor Afrikaans en veeltalige tersiêre onderwys getoon word deur die rektor se beweerde gedrag.

Ons herhaal ons oproep dat geregtigheid moet geskied, dat Engels en Afrikaans primêre en volledig gelyke onderrigtale aan die US moet wees, en dat substantiewe meertaligheid by onderwysinrigtings nagestreef moet word.

**Related**

Plaaslike dansstudente presteer by SA Kompetisie
October 29, 2019



RiVo Dramastudente maak naam by Op Die Plankefees
October 28, 2019

Search

Search

www.pearfactor.co.za/platform/ × US gelas onafhanklike ondersoe × Nuusdag van
netwerk24.com/Nuus/Onderwys/us-ondersoek-rektor-na-beweerde-ongerymdhede-20191101

# US gelas onafhanklike ondersoek na kanselierskap-kwessie

01 November 2019 11:51

Die raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het ná 'n klag teen sy rektor en visekanselier, prof. Wim de Villiers, 'n onafhanklike ondersoek gelas.

Dit kom ná bewerings dat De Villiers by 'n hofsaak probeer inmeng het deur regter Edwin Cameron te probeer oorreed om die kanselierskap van die US te aanvaar.

Die US het in hierdie hofsaak 'n aansoek deur Gelyke Kanse teengestaan om die instelling te dwing om na sy 2014-Taalbeleid terug te keer.


Prof. Wim de Villiers, US-rektor en -visekanselier.Foto: Argief

Die konstitusionele hof het op 10 Oktober eenparig in die US se guns beslis.

De Villiers sê hy verwelkom die ondersoek. "Ek herbevestig wat ek verlede week aan die media gesê het. Ek het beslis nie by die regsproses ingemeng nie. Ek is tevrede dat ek in goedertrou opgetree het, en dat die verkiesingsproses reg verloop het."

George Steyn, voorsitter van die universiteitsraad, het Donderdag aangekondig dat die uitvoerende komitee van die raad (UKR) 'n resolusie aanvaar het om die onafhanklike ondersoek te gelas.

Dr. Leon Schreiber, 'n US-alumnus, het op 24 Oktober in 'n brief die universiteitsraad deur die registrateur versoek om die bewerings te ondersoek.

"Ooreenkomstig goeie beheer en bestuur sowel as deursigtigheid, het die komitee besluit om 'n ondersoek te begin en om afgetrede regter Burton Fourie aan te stel om die ondersoek te onderneem," lui 'n verklaring van die US.

"Voor sy aftrede in 2017 was Fourie 'n jare lange en gerespekteerde lid van die hoër hof in die Wes-Kaap en waarnemende lid van die appèlhof.

"Daar word voorsien dat 'n geskrewe verslag met die bevindings van die ondersoek op die volgende raadsvergadering op 2 Desember ter tafel gelê en oorweeg sal word," lui die verklaring.

Die universiteit sal glo verder inligting verskaf sodra die universiteitsraad die aanbevelings na die ondersoek oorweeg het.

om/Stemme/Murray-La-Vita
re to search

2 12

# Meer betrek by US se herrie oor regter

Dawie Boonzaaier

Die voorsitter van Maties se universiteitsraad en nog 'n lid van die bestuur word ook betrek by die skandaal oor die rektor, prof. Wim de Villiers, se gesprekke met 'n regter van die konstitusionele hof terwyl dié hof besig was om die grondwetlikheid van die Matie-taalbeleid te oorweeg.

Die universiteit het die afgelope week bevestig dat sowel George Steyn, voorsitter van die US-raad, as prof. Stan du Plessis, uitvoerende bedryfshoof van die universiteit en 'n lid van die raad se uitvoerende komitee, "kennis gedra het" van De Villiers se gesprekke met oudregter Edwin Cameron. Die universiteit het nie geantwoord op *Rapport* se vraag of hulle ook aan die gesprekke deelgeneem het nie.

> US-raad begin 'n ondersoek na die korrespondensie tussen De Villiers en Cameron.

Dit raad se uitvoerende komitee het Donderdag besluit om 'n ondersoek te begin na die korrespondensie tussen De Villiers en Cameron, wat op 25 September as US-kanselier aangestel is. Dié ondersoek volg nadat dr. Leon Schreiber, DA-LP en voormalige lid van die US se Institusionele Forum, versoek het dat die US die bewerings ondersoek dat De Villiers onbehoorlik opgetree het deur Cameron te probeer oorreed om 'n benoeming as kanselier te aanvaar. Luidens korrespondensie wat in die openbare domein gekom het, was daar verskeie gesprekke tussen Cameron en De Villiers. Cameron was ten tyde van dié gesprekke besig om die uitspraak te skryf oor die grondwetlikheid van die taalbeleid.

Die drukgroep Gelyke Kanse het die hof gevra om die universiteit se taalbeleid, wat Engels die voertaal maak, as onkonstitusioneel te verwerp, maar het sy saak verloor.

Die jongste inligting beteken dat daar nou benewens De Villiers, vier amptenare of raadslede van die universiteit by die skandaal betrek word.

Nog 'n raadslid, adv. Jean Meiring, was ook met Cameron in verbinding.

In regskringe word dit as onbehoorlik beskou om enige kontak met 'n regter buite die hof te hê terwyl so 'n regter as voorsittende beampte optree in 'n saak waarin jy 'n party is – veral sonder die medewete van jou regspan. *Rapport* verstaan die universiteit se advokate was nie bewus van De Villiers en Cameron se e-poswisseling nie.

Die universiteit se uitvoerende komitee het die afgelope week oudregter Burton Fourie aangestel om 'n ondersoek na die aangeleentheid te lei.

'n Geskrewe verslag met die bevindings van sy ondersoek moet by die volgende raadsvergadering op 2 Desember ter tafel gelê en oorweeg word.

De Villiers het in reaksie volgehou dat hy "nie met die regsproses ingemeng (het) nie".

■ **Lees adv. Jan Heunis se weergawe op bl. 7 van *Weekliks*.**

Rapport
3 Nov 2019

# Om die Bos gelei

**Die optrede van die rektor van die Universiteit Stellenbosch en oudregter Edwin Cameron tydens Gelyke Kanse se hofstryd oor Afrikaans by dié universiteit het die uitspraak onherroeplik besmet, skryf Jan Heunis.**

Die briefwisseling en gesprekke tussen die rektor van die Universiteit Stellenbosch (US) en die voormalige regter van die konstitusionele hof Edwin Cameron - terwyl die saak tussen Gelyke Kanse en die universiteit in die konstitusionele hof aan die gang was - het enorme implikasies vir sowel die universiteit as die regbank.

Daarom moet Donderdag se besluit van die universiteitsraad se uitvoerende komitee - om die afgetrede regter Burton Fourie aan te stel om die bewerings te ondersoek - verwelkom word. Dit is inderdaad in die openbare belang dat al die feite hieroor aan die lig kom en niks verswyg of verdoesel word nie.

Prof. Wim de Villiers het tot dusver gepoog om homself hoofsaaklik op grond van twee argumente te verontskuldig.

Die eerste is dat nadat Cameron sy aanvanklike versoek dat hy (Cameron) homself as kanselier verkiesbaar stel van die hand gewys het, daar geen verdere korrespondensie tussen die twee was nie.

Sy tweede argument is dat Gelyke Kanse toestemming verleen het dat Cameron hom as kanselier verkiesbaar mag stel.

Die eerste van hierdie verwere is onvolledig en misleidend en die tweede nie korrek nie.

Gelyke Kanse se aansoek om die universiteit se taalbeleid ongrondwetlik te verklaar is op 8 Augustus in die konstitusionele hof aangehoor. Cameron het reeds op 2 Augustus aan De Villiers geskryf dat sedert hul gesprek twee weke vantevore dit vir hom onteenseglik duidelik geword het dat hy nie die benoeming kan aanvaar nie omdat dit sy posisie as regter hopeloos sou kompromitteer. In dié e-pos spreek Cameron sy spyt uit "dat ons aangrypende ty is, is - nodeloos om te se - hoogs onreëlmatig. Die ander punt om te maak is dat Gelyke Kanse geen idee gehad het van die korrespondensie en pogings om te ontmoet nie.

Die rektor se verdere verweer, dat Gelyke Kanse ingestem het tot Cameron se kandidatuur, is eweneens problematies.

Ek het vir die eerste keer van Cameron se kandidatuur gehoor toe De Villiers my op 26 Augustus (amper drie weke nadat die saak gedien het, maar nog voordat uitspraak gelewer is) bel. Tydens dié oproep het hy my laat verstaan dat verskeie mense Cameron se kandidatuur steun en dat dit 'n uitgemaakte saak was dat Came[...] tot kanselier verkies sou word. Dit wa[...]

Rossouw, aan die universiteit se prokureur waarin Rossouw gevra het wie met Cameron in verbinding was, wat aan hom gesê is, wanneer die gesprekke plaasgevind het en wat die uitkoms daarvan was. Daarbenewens wou Rossouw weet wat, indien enigiets, die US se prokureurs van oordeel was omtrent die saak gedoen moes word. Volgens Rossouw se skrywe kon dit, byvoorbeeld, nodig gewees het vir die twee leiers van die onderskeie regspanne om 'n ontmoeting met die hoofregter en ook met Cameron aan te vra.

Die brief sluit af met die versekering dat Gelyke Kanse graag die saak sou wou oplos in ooreenstemming met wat openbare belang vereis en die vereistes van reg en regverdigheid. Die universiteit se prokureurs het nooit hierop geantwoord nie.

Ná Rossouw se skrywe het die universiteit se senior advokaat my gevra om, op Cameron se versoek, aan te dui of ons beswaar sou hê indien die regter benoem sou word as 'n kandidaat vir die kanselierskap. Ek het aan Cameron geskryf dat daar nie beswaar sou wees teen sy aanvaarding van 'n benoeming nie - en nie skeie persone genader is om 'n benoeming as kanselier van die US te aanvaar, wat hy van die hand gewys het as gevolg van die hangende litigasie en ander redes.

Hierdie pogings, skryf Cameron, het voortgeduur en, nadat die saak aangehoor is, het hy aangedui (sonder om te sê teenoor wie) dat hy sy besluit sou heroorweeg onderhewig daaraan dat Gelyke Kanse nie beswaar sou hê nie. (Let wel dat Cameron nooit persoonlik enige sodanige versoek aan Gelyke Kanse gerig het nie).

In die registrateur se brief word die partye verder uitgenooi om die korrespondensie tussen Cameron en De Villiers en tussen Cameron en adv. Jean Meiring, 'n lid van die universiteitsraad, te ondersoek en te oorweeg. Weens 'n paar redes het die Gelyke Kanse-regspan besluit om nie van die aanbod gebruik te maak nie.

Toe Cameron se uitspraak egter uiteindelik op 10 Oktober gelewer is en dit duidelik geword het dat die onderbou van die uitspraak waarin Gelyke Kanse se appèl van die hand gewys is, wesenlik gebrekkig was en aanduidend van vooroordeel kon wees, het Rossouw op 14 Oktober 'n skrywe aan die registrateur van die hof gerig waarin hy versoek is om die korrespondensie beskikbaar te maak.

Nadat hy geweier het, het die registrateur van die Universiteit Stellenbosch, op versoek van Cameron, die korrespondensie beskikbaar gestel.

Op 18 Oktober het Rossouw 'n skrywe aan hoofregter Mogoeng Mogoeng gerig waarin die verwikkelinge wat hierbo uiteengesit is, onder sy aandag gebring is. Rossouw skryf dat daar geen aanduiding is dat hy (Mogoeng) vooral oor die kwessie ingelig is nie en dat dit sekerlik getuig van onreëlmatige en ontoepaslike gedrag aan die kant van die regter wat die hof se uit-

Publication: Beeld,Daily (KommentaarenOntleding)
Publication Date: 04 Nov 2019
Page: 8

AVE: 29425.09
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

215

# Matie-kanselier: Hier kom 'n ding



Standpunt
Barnard Beukman

Die hoogs vreemde omstredenheid wat rondom die Universiteit van Stellenbosch (US) se kanselierskap ontstaan het, is wel iets waaroor die spreekwoordelike horlosie teruggedraai kan word. En daarvoor rus die onus vierkantig by oudregter Edwin Cameron.

Hy kan met volle behoud van sy waardigheid en integriteit bloot staan by die oorspronklike gesonde oordeel wat hy aan die dag gelê het.

Hy het op 2 Augustus in 'n brief aan US-rektor Wim de Villiers verwys na die belangebotsing van sy betrokkenheid by die konstitusionele hof se uitspraak oor die universiteit se taalbeleid en om as kanselier beskikbaar te wees.

Toe het hy die benoeming van die hand gewys, want: "Ek sit juis omring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor, en watter kant toe ook, sal my posisie in die beregtiging daarvan hopeloos gekompromitteer word sou ek die benoeming aanvaar. Eweneens sou my posisie as benoemde waarskynlik onder billike bevraagtekening kom terwyl die saak nog hangende is."

Hy was toe reg en dit is nog steeds reg en hy behoort hom nou daardeur te laat lei.

Die rede waarom die situasie hierbo as "hoogs vreemd" beskryf word:

■ Die vae redes wat Cameron in latere korrespondensie aanvoer waarom hy weer beskikbaar is, is onoortuigend en sonder enige geldige rede wat die kanselierskap dien. Korrespondensie waarin hy "omgepraat" word, laat ook heelwat vrae. As hy wil voortgaan met die kanselierskap, sal hy sy posisie met die volledige aanloop moet openbaar. Daarvan gaan hy uiteindelik nie wegkom nie.

■ Koerante het gewoonlik 'n ooraanbod aan mense wat verskillende menings wil stel. Hoewel heelwat artikels aangebied is – waarvan ons een gebruik het – wat aanvoer hier is botsende belange, is daar skynbaar niemand wat 'n artikel wil aanbied met 'n alternatiewe standpunt nie. Waarom nou so laag lê? (Terloops, die aanbod staan steeds.)

■ Die US-raad se besluit om ondersoek in te stel of De Villiers enige oortreding begaan het. Hy was tog nie die enigste rolspeler nie en wat van die kanselier se besluit om homself uiteindelik wel beskikbaar te stel? En ander rolspelers wat raadslede insluit?

En wat van die regs- en etiese vraag op die tafel: is hier 'n onuithoudbare belangebotsing of nie?

Hopelik is dit 'n ware onafhanklike ondersoek met integriteit waarop nie enige beperkings oor die ter saaklike kwessies is nie. En nie bloot 'n bak water om soos Pontius Pilatus in hande te was nie.

■ Die poging van De Villiers en die US om hulle op 'n "groenlig" van die organisasie Gelyke Kanse te beroep, dat Cameron maar kon beskikbaar wees as kanselier. Die inderdaad gekwalifiseerde ja-woord van die organisasie is 'n swak kaart om te speel aangesien hulle nie ten tyde van die versoek vir die groenlig ingelig is Cameron is die skrywer van die uitspraak nie.

('n Uitspraak wat terloops ook nou in die gedrang kan wees.)

Dit lyk asof die gesamentlike bewind van George Steyn, US-raadsvoorsitter, en De Villiers in 'n ongemaklike hoek gedruk is. Soos outydse Sondagkoerantplakkate graag uitbasuin het: "Hier kom 'n ding!"

Is Cameron 'n geskikte persoon vir die kanselierskap? By uitstek. Is daar 'n kans dat De Villiers vir hom gesê het: "Skryf jou uitspraak reg, dan kry jy 'n kanselierskap?" Hoogs, hoogs onwaarskynlik.

Gaan dit oor die taalbeleid? Dit sou kleinlik wees.

Dit gaan oor wat reg is, waaroor die "nuwe" US juis so hoog opgee.

■ **Beukman is redakteur van *Beeld*.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: Cape Times (Main)
Publication Date: 04 Nov 2019
Page: 4

AVE: 28680.32
Circulation: 29673
Part: 1 of 1

216

■ POLICY

# Maties rector, VC De Villiers probed

*Retired judge to head the investigation*

DOMINIC ADRIAANSE
dominic.adriaanse@inl.co.za

RETIRED appeals Judge Burton Fourie has been appointed to head an investigation into allegations that Stellenbosch University's rector and vice-chancellor, Prof Wim de Villiers, attempted to interfere in a court case by offering Constitutional Court Justice Edwin Cameron the chancellor position.

Cameron was involved in hearing an appeal regarding the university's language policy earlier this year.

The apex court ended up dismissing the appeal by Gelyke Kanse against a Western Cape High Court's refusal to set aside the 2016 language policy.

The policy, in effect, saw teaching at the university conducted in English.

The university's executive committee of council last week appointed Fourie to conduct the investigation into the allegation that De Villiers attempted to "improperly influence" Justice Cameron by offering him the position of university chancellor.

De Villiers has denied interfering with the legal process.

According to the university, the request for the probe came from alumnus Dr Leon Schreiber, who wrote to the institution on October 24.

"In terms of transparency, the executive committee of council decided to launch an investigation and appoint retired Judge Burton Fourie to conduct the investigation.

"Before his retirement in 2017, he was a long-standing and respected member of the Western Cape High Court and acting member of the Supreme Court of Appeal.

"It is envisaged that a written report with the findings of the investigation will be tabled and considered at the next scheduled council meeting on December 2," said the university.

De Villiers said he welcomed the investigation.

> "I reaffirm what I said: I did not interfere with the legal process
>
> Prof Wim de Villiers
> STELLENBOSCH UNIVERSITY RECTOR

"I reaffirm what I said to the media: I did not interfere with the legal process. I am satisfied that I acted in good faith and that the nomination and election followed due process," he said.

Schreiber, who is a DA constituency head, said he wrote to the university registrar and the judicial services committee. This comes after the publication of an Afrikaans newspaper article that contained the allegation against De Villiers, he said.

The university labelled the article "innuendo", citing that no individual had the power to "offer" anyone the chancellorship.

Justice Cameron had indicated that he would only make himself available if Afrikaans lobby group Gelyke Kanse was comfortable with it, said the university.

In a statement on Friday, it said: "Gelyke Kanse is pleased to note Stellenbosch University's decision at a special meeting of the executive committee, according to which Fourie was appointed to investigate alleged irregular, unethical and possibly unlawful interference in the recent 2016 Language Policy litigation.

"In this regard, Gelyke Kanse has instructed our legal team to make itself available to testify before the commission and to make documents (including correspondence between the legal teams and the Chief Justice) available to the commission."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: Cape Argus Early (Main)
Publication Date: 04 Nov 2019
Page: 1

AVE: 18095.62
Circulation: 27662
Part: 1 of 2

21

COUNCIL DECISION

# Maties rector probed for 'bid to influence Concourt case'

SISONKE MLAMLA
sisonke.mlamla@inl.co.za

STELLENBOSCH University rector and vice-chancellor Professor Wim de Villiers is to be investigated for his alleged improper influencing of retired Constitutional Court Justice Edwin Cameron by offering him the position of university chancellor.

George Steyn, chairperson of the Stellenbosch University (SU) Council, announced on Thursday evening that the Executive Committee of Council adopted a resolution to appoint retired Judge Burton Fourie to conduct an independent investigation following a complaint against De Villiers.

This comes after the Constitutional Court, on October 10, unanimously found in favour of SU, which opposed an application by Gelyke Kanse, a lobby group that wanted SU to reinstate Afrikaans as a parallel medium of instruction, to compel the institution to return to its 2014 Language Policy.

In a letter to the institution on October 24, DA constituency head in Stellenbosch Leon Schreiber, also an alumnus of the university, requested council, via the registrar, to launch an investigation based on allegations that De Villiers had attempted to interfere in the court case by trying to convince

*To page 2*



Wim de Villiers

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Publication: Cape Argus Early (Main)
Publication Date: 04 Nov 2019
Page: 2

AVE: 28030.46
Circulation: 27662
Part: 2 of 2



INVESTIGATION

# I acted in good faith – rector

*From page 1*

Justice Cameron to accept the office of chancellor.

Steyn said in terms of good governance and transparency, the council decided to launch an investigation and appoint Fourie to conduct the probe.

"Before his retirement in 2017, (Judge) Fourie was a long-standing and respected member of the Western Cape High Court and acting member of the Supreme Court of Appeal.

"It is envisaged that a written report with the findings of the investigation will be tabled and considered at the next scheduled Council meeting on December 2," Steyn said.

Schreiber welcomed the announcement and said the DA would closely monitor the investigation, "and we look forward to its findings".

"We are deeply concerned about the perception of a conflict of interest in this case, but also about the disrespect shown towards Afrikaans and multilingual tertiary education by the rector's alleged conduct".

"We reiterate our call that justice must be seen to be done in this case, that English and Afrikaans should be primary and fully equal languages of instruction at SU, and that substantive multilingualism should be pursued at educational institutions," Schreiber said.

He added that shortly after Justice Cameron accepted De Villiers's repeated offers to become chancellor, he authored the judgment with regard to the use of Afrikaans at SU.

"De Villiers's conduct creates the extremely worrying perception that Afrikaans and substantive multilingualism at SU were the victims of an attempt by the rector to improperly influence a Justice of the Constitutional Court," he said.

In response to the decision, De Villiers welcomed the investigation announced by the council.

"I reaffirm what I said to the media last week. I did not interfere with the legal process.

"I am satisfied that I acted in good faith, and that the nomination and election followed due process," De Villiers said.

Advocate Jan Heunis, president of SU's convocation, said two important things needed to be noted in the matter: "First, the image of the university must be protected, and the second one is that the administration of justice in South Africa has to be equally protected as well."

Gelyke Kanse expressed satisfaction with the council's decision: "In accordance with which Judge Fourie was appointed to (investigate) allegations of irregular, immoral and possibly fraudulent interference in the recent litigation about the university's 2016 language policy by De Villiers."

Gelyke Kanse said it had instructed its legal team to make themselves available to testify before the commission and submit documents (including correspondence between the legal team and the chief justice) to the commission.

SU spokesperson Susan van der Merwe said the university would communicate further on the matter when the council had considered the recommendations that would follow the investigation.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

Podcasts

| |
|---|
| https://storage.googleapis.com/clientclipsr/20191011/2138796-0~154B9CF.html |
| https://storage.googleapis.com/clientclipsr/20191028/2184007-0~1556A7B.html |
| https://storage.googleapis.com/clientclipsr/20191028/2184880-0~1556DE4.html |
| https://storage.googleapis.com/clientclipsr/20191030/2191405-0~1558763.html |